



5

EENHEID VYF

DIE GOEIE NUUS

FOTO'S VAN VERLOSSING

Verskillende Beskrywings en Elemente van Verlossing – Deel A

Eenheid Opdragte ([J1 1.5](#))

GEESTELIKE WAARHEDE

MEMORISEERERS:

“Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes.”

Kolossense 1:13-14 (ANV)

G

R

O

E

P

E

BYBELSTUDIE:

Ons het die afgelope paar weke gekyk na verskillende aspekte van die Goeie Nuus van Jesus; na die rede hoekom dit goed is dat Hy aarde toe gekom het en hoekom dit Goeie Nuus is dat Hy vir ons gesterf het. Miskien het jy van die aspekte of studies moeilik gevind. Miskien was van dit vir jou onduidelik. Miskien is daar nou nog dele wat jy nie heeltemal verstaan nie. Miskien begin jy nou moeg te raak en wonder of jy ooit by ’n punt gaan kom om dit beter te verstaan. Wees bemoedig deur Jesus se dissipels wat ook nie alles aan die begin verstaan het nie. Wees bemoedig dat Jesus se dissipels ook baie keer dieselfde tipe vrae gevra het en nie altyd alles begryp het nie, maar Jesus het ’n belofte aan hulle gemaak dat as hulle Hom volg, sal Hy hulle vissers van mense maak. Hulle verantwoordelikheid was om te volg.

Jesus se verantwoordelikheid was die verander en groei in volwasse en toegeruste volgelinge wat uitgegaan het en die wêreld verander het. Jesus het ook beloop dat Hy die Heilige Gees sal stuur om ons in die waarheid te onderrig en te herinner aan alles wat Hy geleer het. Hierdie selfde Heilige Gees wil ook jou kom leer en hierdie waarhede vir jou oopbreek, sodat jy ’n dieper begrip en waardering kan kry vir jou verlossing en dat dit jou sal motiveer om uit te gaan en die Goeie Nuus bekend te maak aan ander wat nog nie vir Jesus ken nie.

Dink vir ’n oomblik aan jou troue of aan ’n troue van ’n persoon wat jy goed ken. Op die dag van die troue is daar heelwat dinge wat gebeur en daar is verskeie oomblikke wat spesiale herinnering bring vir die paartjie wat trou. Hulle probeer altyd soveel moontlik van hierdie oomblikke vasvang op kamera en daarom is daar ’n fotograaf en soms ’n videograaf wat hulle aanstel om alles af te neem. Na afloop van die troue gaan hulle op wittebrood en ’n paar weke na die troue kry hulle die boodskap dat hulle foto’s gereed is en hulle dit kan kom afhaal. Kan jy jouself indink dat die bruid vir haar man sou sê,

“Kom ons kyk eerder nie na die foto’s nie liefie. Ons was mos by die seremonie en ons het mos alles gesien wat gebeur het. Ek weet my pa het baie geld betaal vir hierdie foto’s, maar ons is net té besig op die oomblik om na die foto’s te kyk.” Daar is nie ’n manier nie! Hulle sal nie hulself kan keer om na die foto’s of video te kyk van hulle spesiale dag waar hulle trou aan mekaar beloop het nie.

Die Bybel is soos ’n foto album wat verskeie foto’s bevat van ons verlossing. Die foto’s word geskets met baie spesiale en soms groot woorde. God wil nie hê ons moet mis wat Hy alles vir ons gedoen het met ons verlossing

nie. Dit is dieselfde verlossing, maar daar is verskeie aspekte wat ons moet verstaan om die volheid daarvan te waardeer en te begryp. In vandag en volgende week se studie gaan ons kyk na ses verskillende “foto’s van

ons verlossing” wat in die Nuwe Testament beskryf word. Elkeen van hierdie beskrywings is soos ’n nuwe bladsy in jou fotoalbum wat jou asem wegslaan en weer ’n waardering skep vir die spesiale dag toe jy gered is.

Die ses foto’s waarna ons gaan kyk is:

- **Plaasvervanging:** Jesus het in my plek gesterf.
- **Vryspraak:** Jesus bring my in ’n regtelike status voor God.
- **Vergifnis:** Jesus stuur my sondes weg.
- **Verlossing:** Jesus het my verlossing gekoop met sy bloed.
- **Aanneming:** Jesus het my deelgemaak van God se familie.
- **Versoening:** Jesus het voldoen aan God se geregtigheid en het vrede met God bewerkstellig.

Ons gaan hierdie week na die eerste twee kyk en volgende week na die res.

GALASIËRS 3:13; 2 KORINTIËRS 5:21 en 1 PETRUS 3:18 – Hierdie gedeeltes verduidelik iets van hoe Jesus in ons plek hanteer en gesien is. Jesus was ons Plaasvervanger wat in ons plek gesterf het en as sondaar en skuldige behandel is.

Lees elkeen van hierdie gedeeltes en skryf neer hoe Jesus in jou plek hanteer is. Elke keer waar die versie iets sê van “ons”, maak dit persoonlik en sit jou eie naam daarin om te sien hoe jy eintlik hanteer moes word, maar waar Jesus ’n Plaasvervanger vir jou was.

Galasiërs 3:13

.....
2 Korintiërs 5:21

.....
1 Petrus 3:18

.....
HANDELINGE 13:38 (vers 39 in Engels); ROMEINE 5:1 en GALASIËRS 2:16 – Vryspraak beteken God verklaar ons onskuldig van ons sonde. Vryspraak behels dat God dink aan ons sonde as vergewe en dat Jesus se geregtigheid aan ons behoort. God verklaar ons geregtig voor Hom. Hierdie verse beskryf wat nodig is ten einde vryspraak te bekom en ook wat nie vryspraak kan bekom nie.

Lees elkeen van hierdie gedeeltes en skryf neer wat nodig is dat ons vrygespreek kan word. Kyk ook in Romeine 5:1 wat die gevolg is van ons vryspraak.

.....

Opsomming:

Dit is belangrik dat ons kyk na wat elkeen van hierdie foto's vir ons inhou en beteken. Hoe beter ons begryp wat dit beteken, hoe dieper waardering het ons vir wat Jesus gedoen het en hoe vaster word ons geloof ten einde volwasse en toegeruste volgelinge van Jesus te wees. Kom ons kyk na die eerste twee foto's.

1. Plaasvervanging

Jesus het vir JOU gesterf. Hy het JOU plek in geneem. Ek en jy verdien eintlik om te sterf vir ons sonde. Dit is die regverdige straf wat ons verdien. Ek en jy moes aan die kruis gesterf het, maar Jesus het ons plek ingeneem. Jesus, wat nie verdien het om te sterf nie, het vir jou en my gesterf. As ons sê Jesus was 'n Plaasvervanger, beteken dit:

- Hy is sonde gemaak vir *my* (2 Korintiërs 5:21(AOV))
- Hy het *my* sonde in sy liggaam aan die kruis gedra (1 Petrus 2:24)
- Hy is eenmaal geoffer om die sondes van baie weg te neem (Hebreërs 9:28)
- Hy is gemartel vir *my* sonde (Jesaja 53:4-6)
- Hy is as vervloekte behandel vir *my* (Galasiërs 3:13)

Hierdie is persoonlik – dit is *my* sonde, in *my* plek. Wat op die kruis gebeur het was persoonlik! Ons sukkel om die omvang van hierdie waarheid te begryp. Jou sonde is op Jesus, die perfekte Seun van God, geplaas en Hy is in jou plek as sondaar behandel. Al jou gemors, al jou foute, al jou verkeerde keuses, al die slegte dinge in jou en in my is op Hom geplaas. Jesus het jou plek in geneem. Jesus het my plek ingeneem. Dis hoekom Paulus skryf in Galasiërs 2:20 (AOV):

“Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.”

2. Vryspraak

Vryspraak behoort een van ons gunsteling foto's van verlossing te wees. Die rede hoekom ons baie keer sukkel met skuldgevoel en sukkel om vorentoe te gaan in ons verhouding met God is juis omdat ons nie die diepte en omvang van vryspraak verstaan nie. Hoe meer jy hierdie konsep begryp, hoe dieper sal jou waardering vir jou verlossing wees en hoe meer sal jy in aanbidding voor God staan.

Vryspraak is 'n regsterm. Wanneer iemand skuldig bevind word, word hulle veroordeel en moet hulle iets betaal vir hulle skuld – 'n boete of hulle moet tronk toe. Wanneer iemand onskuldig bevind word, word hulle onskuldig verklaar – hulle word vrygespreek van die aanklag – en dus is daar geen betaling nodig nie. As gevolg van wat Jesus vir ons gedoen het, is dit moontlik dat God die hamer kan slaan en ons onskuldig kan verklaar. Vryspraak beteken God verklaar die goddeloses onskuldig (Rom. 4:25). Hy verander hulle nie intern in perfekte, morele mense nie. Anders het hulle meriete of werke gehad waarop hulle kon roem vir verlossing. Nee, God verklaar die goddeloses as geregtig in sy aangesig – nie op die basis van hulle goeie werke nie, maar in reaksie op hulle geloof in Jesus Christus wat alles moontlik gemaak het om te betaal vir hulle skuld.

God se vrypraak behels twee aspekte. Eerstens, dit beteken ons het geen skuld of boete om te betaal vir ons sonde van die verlede, die huidige of toekoms nie. Tweedens, God verklaar ons nie net moreel neutraal voor Hom nie, maar Hy verklaar ons as geregtig voor Hom.

Kyk na die prentjies hier-onder. As God net verklaar het dat ons sonde vergewe is, sou ons op morele vlak neutraal voor Hom gewees het. Dit is waar Adam en Eva was voor hulle gesondig het. God verklaar egter dat ons die meriete van perfekte geregtigheid voor Hom het! Hoe is dit moontlik? Hy reken Jesus Christus se geregtigheid aan ons toe. Ons sonde is aan Jesus Christus toegereken en daarom het Hy daarvoor betaal – Hy is

gesien en hanteer as die skuldige sondaar en het met sy lewe betaal vir ons sonde; ons skuld. Maar omdat Hy perfek was, perfek gelewe het, met ander woorde perfekte geregtigheid gehad het, tel sy lewe ook vir ons punte en net soos ons sonde aan Hom toegereken is, word sy geregtigheid aan ons toegereken. Ons verdien niks van dit nie! Dit is genade!!

G


R

O


E

P


E



Waar Adam en Eva was voor hulle gesondig het – geestelik neutraal voor God.




Waar Adam en Eva was, en ons ook is as gevolg van ons sonde – geestelik in die rooi. Dis hoe Jesus in ons plek hanteer is: as sondaar.



Hoe Jesus was – geregtig voor God. Dis ook hoe God ons sien as gevolg van vrypraak. Hy verklaar ons as geregtig voor sy aangesig.

Ons is almal sondig en skuldig. Jesus neem ons sonde op Hom en betaal die straf daarvoor. Hy neem ons sonde weg. Hy word in ons plek as sondaar deur God behandel – sommige vertalings verduidelik dat Hy sonde geword het vir ons (2 Korintiërs 5:21).

God verklaar ons as vergewe en onskuldig. Maar nog meer as dit: Jesus se geregtigheid word ook aan ons toegereken en God verklaar ons dus as geregtig. Ons is vrygespreek en Hy sien ons as geregtig op grond van wat Jesus gedoen het.



Die teenoorgestelde van vrypraak is veroordeling. God se vrypraak vir ons is die antwoord vir die moontlikheid indien iemand 'n aanklag teen ons wil bring. So 'n aanklag kan nie water hou voor God se uitspraak dat ons vrygespreek is nie. God sien ons as geregtig.

***“Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie.”
(Romeine 8:1)***

***“Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.”
(Romeine 8:33-34)***

G

R

Ons moet hierdie foto's van ons verlossing voor oë hou op 'n gereelde basis – nie net omdat die konsep so wonderlik is nie, maar omdat ons in elkeen van hierdie foto's is. Dit is wat God vir ONS gedoen het – vir JOU en vir MY!

O

Hierdie is net twee van die foto's waarna ons gaan kyk. Volgende week kyk ons na die res van die foto's van ons verlossing sodat ons 'n beter begrip en waardering kan kry van wat Jesus alles gedoen het en hoe groot ons verlossing is!

E

P

E

REDIGERING EN TOEPASSING

Het jy 'n beter en dieper begrip van wat Jesus se dood aan die kruis vir ons bewerkstellig het? Verstaan jy hoe groot dit was en dat dit ons kan help om anders te leef? Watter waardering skep dit in jou hart vir wat Jesus gedoen het? Hoe kan jy anders dink oor jou foute in die verlede?

Lees Romeine 8:1 en 33-34. Paulus gee in hierdie gedeeltes die antwoord vir die moontlikheid dat iemand (of die duiwel) ons kom aankla oor dinge in die verlede wat ons verkeerd gedoen het of as ons sukkel met skuldgevoel. **Wat is Paulus se antwoord? Op watter manier het jy al gesukkel met skuldgevoel of gedagtes van: "God sal my nooit vir dit kan vergewe nie" of "Jy sê jy is 'n Christen, maar kyk wat het jy daar gedoen"? Hoe verander hierdie hoe jy dit kan hanteer? Skryf jou gedagtes neer en wees gereed om dit met jou groep te deel.**

G

R

O

E

P

E

Die waarheid van vryspraak is baie keer moeilik vir mense om te verstaan. **Wat maak dat ons sukkel om onself as onskuldig voor God te sien? Wat het jou gehelp om jou geloof te versterk in die belofte van God dat ons wel vrygespreek is?**

ONDERSOEK

Dink na oor die onderstaande vrae voor julle volgende groepsbyeenkoms. Jy mag enige van die vrae gevra word en jy mag enige van hierdie vrae aan die mense in jou groep vra. Hierdie vrae sal jou help om jou lewe te evalueer in die lig van die waarheid wat julle hierdie week bestudeer het. Dit gee ook vir die ander groepslede die geleentheid om jou aan te moedig om ten volle vir Jesus te lewe. Skryf 'n paar punte in die spasies neer na aanleiding van julle groepsbespreking.

G

Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy hierdie week wou gee?

R

Op watter manier of area van jou lewe sukkel jy nog om te glo dat jy vrygespreek is?

O

Op watter manier probeer jy nog punte verdien deur sekere dinge te doen omdat jy skuldig voel oor dinge wat jy gedoen het in die verlede?

E

P

E

EVANGELIE EN MISSIE

LEWE:

In die laaste paar weke is jy voorgestel aan die konsep van 'n lewe van missie – 'n deelnemer in Jesus se missie. Jy het gedink aan wat 'n lewe van missie is en hoekom jy só 'n lewe sal wil leef. Hierdie week gaan jy bietjie dieper kyk na hoe 'n mens 'n lewe van missie kan leef.

G

Eerstens is dit belangrik dat jy moet weet dat 'n lewe van missie begin met 'n Geesvervulde lewe. 'n Geesvervulde lewe is waar jy onder die beheer van die Heilige Gees lewe. Dit is soos geestelike asemhaling – uitasem van die onreine deur sondes te bely en inasem van die heilige deur die Gees se beheer oor jou lewe in te nooi. Jy moet egter nie dink dat die Heilige Gees jou net gaan lei om nie sonde te doen nie. Hy lei jou ook om die regte dinge te doen – soos om deel te neem aan Jesus se missie.

R

Indien die wortels van 'n lewe van missie 'n lewe is wat beheer word deur die Gees, hoe lyk die vrug van so 'n lewe van missie? Deur woord en daad. Met ander woorde, dié wat Jesus se missie opneem sal die evangelie bekend maak deur dit te deel en te demonstreer aan die wat hulp nodig het. Alle Christene word geroep vir hierdie missie, maar sommiges mag meer aktief wees in die vertel van die evangelie en ander meer in die doen gedeelte.

O

Handelinge 9:31-43 wys dat Jesus se volgelinge, wat onder die beheer van die Heilige Gees lewe, die evangelie op verskillende maniere bekend kan maak. Verduidelik hoe Petrus en Tabita die evangelie in hierdie gedeelte bekend gemaak het.

E

P

Kyk weer na die lys van behoeftes wat jy geïdentifiseer het in week 3. Beskryf hoe jy die evangelie bekend kan maak in hierdie situasies deur woord en daad.

E

Gebruik die spasie om 'n gebed neer te skryf waar jy God vra om jou te vul met sy Gees en dat Hy jou sal begin lei in 'n lewe van missie. Indien jy voel dat jy nog nie gereed is om dit te bid nie, vra die Here, wat geduldig is met jou, om jou hart te verander.

PRAAT MET GOD

“Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.”

Johannes 15:5 (ANV)

G

Wanneer ons in gebed tot God nader, kan ons nie op ons eie verdienste staat maak nie. Jou intelligensie, weelde, fisiese krag of voorkoms kan nie vir jou guns by God wen nie. Hoe meer jy die konsep van *“sonder My kan julle niks doen nie”* verstaan, hoe meer vrug sal jy begin dra.

R

Bring in alle nederigheid hierdie week al jou behoeftes na die Vader toe in die Naam van Jesus.

O

My gebedsversoek ten opsigte van die geestelike waarheid van hierdie week:

E

My gebedsversoek ten opsigte van ’n situasie in my lewe:

P

My gebedsversoek ten einde ’n lewe van omgee en missie te leef:

E

Gebedsversoeke van ander in my groep:

EEN TREE

Na aanleiding van julle gesprekke vandag in die groep en jou studie die afgelope week, wat ervaar jy is die EEN TREE wat die Heilige Gees jou vra om te gee in jou verhouding met Jesus? Wat is die EEN ding wat jy hierdie week moet doen?

Ek gaan hierdie week...

G

R

**Maak seker jou stelling is baie spesifiek, meetbaar en evalueerbaar en indien dit 'n spesifieke tydslyn het, is dit nog beter.*

O

E

P

E